

Insette om die metodologie te verbeter waarvolgens Suid-Afrikaanse maatskappye ten opsigte van voedsel- en landbouproduksie met ander landboumaatskappye wêreldwyd gemeet word, is gesoek op 'n vergadering van die World Benchmarking Alliance (WBA) in 7 Julie in Kaapstad.

Die WBA is 'n internasionale organisasie sonder winsoogmerk wat die invloedrykste maatskappye wêreldwyd volgens die Verenigde Nasies se doelstellings vir volhoubare ontwikkeling beoordeel en in rangorde plaas.

Die WBA se insigte dien as 'n meganisme om aanspreeklikheid te bevorder. Dit behoort ondernemings aan te spoor om suksesvolle aandrywers van verandering te wees om aan die Verenigde Nasies se doelstellings vir volhoubare ontwikkeling te voldoen.

Om te verseker dat die regte faktore gemeet en toepaslike maatstawwe gebruik word, het die WBA bande met meer as 300 instellings wêreldwyd gesmee. Dit is 'n uiteenlopende groep organisasies wat beleggers, besigheidspatrolle, die burgerlike samelewing en andere insluit wat op internasionale, streeks- en plaaslike vlak betrokke is. Die doel is om erkenning te gee aan die private sektor se bydraes om die doelstellings vir volhoubare ontwikkelings te bereik.

Die WBA is gretig om met alliansievennote in Suid-Afrika saam te werk en om die plaaslike werklikhede in verslae getrou weer te gee. Hy wil die werk bevorder wat die Suid-Afrikaanse landbousektor doen om voedselstelsels te verbeter,



Plaaslike maatskappye kry plek op wêreldranglys

en dit meer inklusief, gesond en volhoubaar te maak. Instellings wat Suid-Afrika se georganiseerde landbou verteenwoordig, word daarom versoek om met die WBA te skakel as hulle nog nie betrokke is nie.

TRANSFORMASIE

Die WBA evalueer die plaaslike voedsel- en landbousektor op grond van hierdie maatstawwe, vergelyk plaaslike landbou-ondernemings met 350 ander voedsel- en landboumaatskappye wêreldwyd en plaas hulle in 'n rangorde. Die maatskappye is op grond van vier kriteria gekies. Hulle moet:

- 'n Dominante impak op die produksie, volumes en inkomste van landbouprodukte internasionaal hê.
- Relevante segmente van landbouproduksie op internasionale vlak beheer.
- Ekostelsels wêreldwyd deur middel van filiale verbind.
- Bestuursprosesse en instellings internasionaal beïnvloed.

Die 350 maatskappye wat aan die kriteria voldoen, dra gesamentlik meer as die helfte van die wêreld se inkomste uit voedsel en landbou by. Die ondernemings neem meer as 23 miljoen mense in diens. Van dié landboumaatskappye is ses se hoofkantoor in Suid-Afrika: Tiger Brands, Pick n Pay Stores, Tongaat Hulett, Shoprite Holdings, Bidcorp en RCL Foods.

Daar is egter heelwat meer landbou- en voedselmaatskappye as hierdie ses wat reeds in Suid-Afrika besigheid doen.

Die toptien landbou- en voedselmaatskappye (met hul prestasie uit 100 tussen hakies) is Unilever (71,7), Nestlé (68,5), Danone (63,5), OCP (56,8), Anheuser-Busch InBev (55,2), Pepsico (54,5), Tesco (53,6), Fonterra (53,5), Diageo (53,0) en Firmenich (52,5). Agt van hierdie maatskappye doen besigheid in Suid-Afrika.

DOELSTELLING

Die doelstelling van die WBA is om hierdie 350 invloedryke ondernemings wêreldwyd aan te spoor om volhoubare besigheidspraktyke toe te pas en om hul vennote in die waardeketting te beïnvloed om dieselfde te doen. Volgens die WBA het 27% van die ondernemings geen "strategiese verbintenis" om volhoubare ontwikkeling na te streef nie, terwyl 26% op lang termyn daartoe verbind is.

Van die 350 maatskappye probeer 162 (49%) glad nie om die vlak van kweekhuiskasse te verlaag nie. Net 20% van hierdie ondernemings werk aan programme om die bevolking se toegang tot voedsame voedsel aan te pak.

'n Feit wat aan die lig gekom het en wat ontstellend kan wees, is dat 58% van die ondernemings nie voldoende stappe doen om kinderarbeid te verhoed nie. Altesame 87% van die ondernemings doen nie voldoende stappe om dwangarbeid te verhinder nie.

IMPAK VAN METING

Die WBA se verslae word algemeen bekend gemaak en ondersteun deur verskeie befondingsvennote, soos die Nederlandse regering, die Europese kommissie, Ford en die Ikea-stigting, en alliansievennote soos finansiële instellings, trusts en banke, soos PwC en Rabobank.

Die feit dat die werk van die WBA deur toonaangewende multinasionale ondernemings en instellings ondersteun word, plaas klem op die belangrikheid waarmee die maatstawwe vir voedsel- en landboumaatskappye deur oorsese beleggers bejeën word. Dit kan belegging in die Suid-Afrikaanse landbou en uitvoer ondersteun.

Daarom is dit baie belangrik dat landbou-ondernemings bewus moet wees van die WBA se maatstawwe en die uitnodiging om insette te lewer oor die metodologie waarmee plaaslike ondernemings gemeet word voordat iemand anders daarvoor besluit.

Suid-Afrikaanse landboumaatskappye word genooi om hul kommentaar op die nuwe metodologie teen 26 Augustus in te dien.

Die maatstawwe is op Agbiz Grain se webblad agbizgrain.co.za beskikbaar of bel Annelien by 012 807 3002.

Die metodologie word in die vierde kwartaal van 2022 gefinaliseer waarna die volgende meting in 2023 begin.

Die verslag kan veral interessant wees vir produsente en belangrike gevolge vir waardekettings inhou. **LBW**

Bron: Viktoria de Bourbon de Parme. Collaborative Action to Drive Sustainable Transformation. *Agbiz Grain Quarterly*, Augustus 2022.